# Eerlik met God in die krisisuur

## 'n Bespreking van die aard van die klaagpsalms

Hannes Olivier & Pieter Swanepoel
Departement Ou Testament
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

**Abstract:**

***Honest before God in the hour of crisis: a discussion of the nature of the Psalms of Complaint***

*The quintessence of the hypothesis stated in this article is that the genre of penitential psalms requires a finer definition. This would ensure a clearer disclosure of theological abundance within the literature of the book of Psalms and contribute to our understanding of human suffering. Two categories are distinguished in the penitential psalms, namely the* ***non-God-lament psalms*** *which still bring praise to God and the* ***God-lament psalms****. In the* ***God-lament psalms*** *a protest is entered against God and He is approached as an aloof bystander or an active antagonist. Simultaneously, however, the complaint is issued from within the relationship of trust the poet has in Yahweh by virtue of the covenant.*

## 1. Inleiding: Response op lyding in die Ou Testament

Dit is belangrik om te besef dat die ervaring van 'n ramp of krisis nie altyd tot die bevraagtekening van God se soewereiniteit of regverdigheid lei nie. Die klaaglied is dan ook geensins die enigste respons op situasies van lyding wat in die Ou Testament aangetref word nie. Die klaaglied is slegs een reaksie op die ervaring van lyding binne die Ou Testament. 'n Ander belangrike reaksie op lyding in die Ou Testament verwoord duidelik 'n tipe kontraktuele teologie waarin lyding gelykgestel word aan sondigheid, voorspoed aan regverdigheid in 'n *quid pro quo*-verdeling. In omstandighede van lyding behoort die sondaar sy sonde te bely en hom te bekeer. Dit is die eerste treë na vergifnis en herstel. Die gebede en berou (Daniël 9, Esra 9 en Nehemia 9) reflekteer hierdie tradisie. Op grond van hierdie oortuigings is en behoort die ervaring van eie sondigheid intens te wees. Hierdie gebede konstateer dat berou en die onderwerping aan die onbetwisbare regverdigheid van God die enigste legitieme reaksie op ervarings van lyding is (vgl. Balentine, 1993:147-148).

Hierteenoor staan die klaagliedtradisie as 'n kontra-tradisie wat daarop aandring dat God en God se orde aangespreek, aangeval, bevraagteken en getransformeer

kan word. Alhoewel die klaagtradisie nie die enigste tradisie ten opsigte van die hantering van lyding in die Ou Testament is nie is dit tog 'n belangrike tradisie. Daar kom tye wanneer die smart en chaos wat oor die lewe van die Godsvolk of die gelowige val, so groot is dat die aandrang op berou en bekering sinloos en onvanpas word. Die ervaring in sulke ontnugterende tye is een van protes (in plaas van berou) en opstand (in plaas van onderwerping). Die aandrang van die klaagtradisie is om teenoor God eerlik te sê wat jy voel en nie wat jy dink jy behoort te sê nie. Die getuienis van Israel se klaagtradisie is dat God nie slegs die klag ontvang nie, maar ook daarop ag slaan (Balentine, 1993:146).

## 1.2 Die drie belangrikste sienings van lyding in die Ou Testament

Op grond van Balentine (1993:190-191) se raamwerk vir die drie belangrikste sienings van lyding in die Ou Testament is die volgende aspekte belangrik: die ervaring van 'n ramp of krisis lei nie altyd tot die bevraagtekening van God se soewereiniteit of regverdigheid nie. Die klaaglied is dan ook geensins die enigste respons op situasies van lyding wat in die Ou Testament aangetref word nie.

**Drie Ou-Testamentiese sienings van lyding**

| Die siening van lyding as ... | Reaksie van die lydende | Goddelike regverdigheid |
|---|---|---|
| 1. regverdig/gemagtig, verdiend, met ander woorde regverdige straf | Aanvaarding, berou | God is regverdig |
| 2. deur God so bestem en dus positief | Gehoorsaamheid, aanvaarding as deel van die roeping van die gelowige | God is soewerein en onberekenbaar |
| 3. onregverdig/onverdiend onskuldige lyding | Klaaglied/Protes | God is onregverdig, onbetrokke |

Hierdie artikel fokus op die klaagpsalms as één reaksie op lyding, en beredeneer die aanname dat die genre "klaagpsalms" 'n meer sluitende defmisie benodig. Daar sal aangevoer word dat daar binne die genre "klaagpsalms" onderskei moet word tussen die pleitpsalms en die klaagpsalms.

## 2. Die klaagpsalms

### 2.1 Inleiding

Selfs 'n oorsigtelike lees van die Psalms maak dit duidelik dat die mees basiese vorme van die Psalms beskryf kan word as die loflied en die klaaglied, of as lofprysing en smeking (Broyles, 1989:35-36). Gunkel het reeds in 1933 gesê: "In the alternation between lament and thanksgiving runs the whole life of the pious" (1933:284). Westermann (1981:152) vind sterk aansluiting by bogenoemde aanhaling van Gunkel wanneer hy skryf dat lofprysing en smeekbede die twee pole is wat die aard van alle spreke met God bepaal. Hy beweer: "The literary categories of Psalms of lament and Psalms of praise are not only two distinct categories among others, but they are the literary forms which characterize the Psalter as a whole, related as they are as polar opposites" (Westermann, 1981:11).

Hy merk ook op dat die loflied en die klaaglied in die Ou Testament teenoor mekaar gestel word. Net soos die klaaglied die taal van lyding is, is die loflied die taal van vreugde. Die een verteenwoordig net so 'n deel van die mens se wese as die ander. Die klaagpsalms is verreweg die grootste literêre genre wat ons in die Psalmbundel aantref. Kenmerkend van alle klaagpsalms is dat lyding nie geduldig en stoïsyns aanvaar word nie, maar dat met God geworstel word met 'n geloof wat soek na insig en rede (vgl. Anderson, 1983:103).

### 2.2 Subkategorieë binne die klaagpsalms

In navolging van Gunkel word die klaagpsalms van die individu deur die meeste geleerdes in twee groepe verdeel, naamlik die klaagpsalms van die individu en die klaagpsalms van die gemeenskap (vgl. Ridderbos, 1962:11; Anderson, 1983:79). Westermann (1981:269) skryf ter motivering dat sowel die klaagpsalms van die individu as die klaagpsalms van die gemeenskap hulle eie besondere vorme het wat duidelik van mekaar onderskei kan word.

Broyles (1989:27) beweer dat in te veel besprekings van die klaagpsalms belangrike onderskeidings en nuanses ongemerk verbygaan. Hy wys op die tendens in sekere werke dat wanneer 'n bepaalde motief in die klaagpsalms geïdentifiseer word, daar dikwels van die veronderstelling uitgegaan word dat hierdie motief dieselfde funksie in elkeen van die psalms van daardie kategorie het. "As valuable as the works of Gunkel, Mowinckel and Westermann indeed are, when reading them one gets the impression that the Lament psalms form a fairly uniform category."

Alhoewel die fynere onderskeidings en nuanses belangrik is, is dit tog so dat Broyles hier 'n onnodige oordeel fel. Westermann (1981:34) het hom immers duidelik oor hierdie aangeleentheid uitgelaat:

> The petitions of the individual constitute by far the largest category in the Psalter. Here, however, a further classification is necessary; for a large number of petitionary Psalms this designation is no longer accurate, for they are not merely lament and petition but petition that has been heard. At the end of these heard petitions there is a part that breaks over into declarative praise.

Alhoewel Westermann hierdie verdeling nie verder uitwerk nie, erken hy tog hiermee dat daar onderskei moet word tussen klaagpsalms waar smekinge nog nie verhoor is nie en dié waar dit wel verhoor is.

Ook Ridderbos onderskei die verskillende vorme in die een genre van individuele klaagpsalms:

> Het is zeker nodig te letten op de grote verschillen tussen de klaagliederen van de enkeling: in het ene bedreigt de nood nog slechts, in het andere is de nood aanwezig; soms oorheers de vertrouwen, dan weer het besef van Gods toorn. Maar men kan het eigene van iederen psalm juist het best tot zijn recht laten komen, door niet te veel onderafdelingen te onderscheiden (Ridderbos, 1962:22-23).

Ten spyte van hierdie waarskywings van Ridderbos is die benadering van Broyles baie waardevol. Sy benadering toon duidelik dat die klaagpsalm sy eie subkategorieë bevat wat elk sy eie onderskeidende kenmerke het. Binne die kategorie (genre) van die klaagpsalms is daar byvoorbeeld belangrike onderskeidings ten opsigte van die spreke oor die lof van God. Die verwysing na God se vroeëre reddingsdade vervul byvoorbeeld totaal verskillende funksies binne die genre van die klaagpsalms. Daar moet nie slegs gekyk word na die voorkoms van 'n motief nie, maar ook na die verspreiding daarvan binne die genre. Daar kan ook nie aangeneem word dat 'n sekere motief dieselfde funksie in elke psalm van daardie kategorie vervul nie. Veralgemenings is wel noodsaaklik vir klassifikasie, maar dit is dikwels detail wat die waardering vir kwaliteit verhoog (vgl. Broyles, 1989:35).

Dit is belangrik om die subkategorieë binne die klaagpsalms te onderskei. Die belangrikste onderskeidingsvraag is volgens Broyles dié van oorsaak: *Wie is verantwoordelik vir die nood van die digter?* In die Psalms kan die verantwoordelikheid vir die nood herlei word na die mens óf na God. Wanneer die konflik op suiwer *horisontale* vlak plaasvind, is daar twee vorme van karakterisering: die digter teen sy vyande en die regverdige teen die goddeloses. Wanneer God as die oorsaak van die nood beskou word, word sy aksie in sommige gevalle as geregverdig beskou (bv. as straf op sonde) of in ander gevalle as onregverdig en gee dit aanleiding tot die klag (vgl. Broyles, 1989:21).

'n Voorbeeld van 'n psalm waar God as die oorsaak van die nood beskou word en waar sy optrede as onregverdig gesien word, is Psalm 44. Nieteenstaande die feit dat die volk volgens verse 18-19 getrou was aan die verbondsbepalings word God se aksie volgens verse 10, 13 en 25 as onbegryplik en onregverdig in terme van die verbond beskou.

## 2.3 Klagpsalms – 'n aparte subkategorie?

Broyles (1989:40) onderskei tussen 'n *lament* en 'n *complaint* – "Lament can be addressed to anyone; complaint must be addressed to the one responsible. A lament simply bemoans the state of things; a complaint contains a note of blame and rebuke".

Die psalms waar God (ten minste gedeeltelik) as die oorsaak van die nood beskou word, word deur Broyles *God-laments psalms* genoem. Hierdie benaming van Broyles is volgens sy eie definisie misleidend. Broyles toon aan dat die *God-laments* God verantwoordelik hou vir die nood en dat die digter nie maar net sy lot bekla nie, maar dat die doel van die klag is om God op te roep om sy beloftes uit te voer (vgl. Broyles, 1989:221). Hierdie psalms moet dus na regte volgens sy eie definisie *God-complaints* genoem gewees het. As 'n vertaling van *God-laments* sal ek die woord *klagpsalms* (let op die een *a*) gebruik. Klaagpsalms verwys na die breër groepering van klag- en pleitpsalms.

Van die ongeveer 65 klaagpsalms in die Psalms is daar ongeveer 21 wat gereken kan word as klagpsalms, naamlik Psalm 6, 9-10, 13, 22, 35, 39, 42-43, 44, 60, 74, 77, 79, 80, 85, 88, 89, 90, 102 en 108 (Broyles, 1989:40).

# 3. Die klagpsalms

## 3.1 Inleiding

Die klagpsalms is 'n subkategorie onder die klaagpsalms waar die digter 'n klag rig oor God se gesindheid *(his disposition)* teenoor die digter in sy nood of oor God se onverskillige *(indifferent)* of vyandige aksie teenoor die digter in sy nood. Die eienskappe of wesenstrekke van God wat genoem word in die pleitpsalms *(non-God-lament psalms)*, bevestig die lof van God. In die pleitpsalms word die lof wat God toekom, nie in twyfel getrek nie. In die klagpsalms word God egter daarvan aangekla dat Hy nie optree ooreenkomstig dit wat aangaande Hom verkondig is nie. Die een groep bring die nood onder God se aandag, terwyl die ander groep die nood, waarvoor God ten minste gedeeltelik "verantwoordelik" is, onder sy aandag bring (Broyles, 1989:51-52).

Broyles beskou die klagpsalms as die ware teenpool van die lofpsalms. Hy betwis Westermann se stelling: "There is no petition, no pleading from the depths, that did not move at least one step (in looking back to God's earlier

saving activity or in confession or in confidence) on the road to praise" (Westermann, 1981:154). Benewens die feit dat daar volgens Broyles baie uitsonderings op hierdie veralgemening is, vra hy of die klaagpsalms werklik beskryf kan word as die polêre teenpool van die lofpsalms indien die meeste van hulle dan tog die lof van God op een of ander wyse erken en bely (Broyles, 1989:36). Hy kom tot die gevolgtrekking dat die pleitpsalms *(non-God-laments)* meer in gemeen het met lofprysing as met klagte. Terwyl die pleitpsalms die lof van God bly handhaaf, word die lof van God deur die klagpsalms uitgedaag of bevraagteken. Meer nog, in die klagpsalms word die positiewe verklarings *(affirmations)* aangaande God (byvoorbeeld in die belydenis van vertroue) met aanklagte van ontrouheid vervang. Dit is verstaanbaar in die lig van die feit dat die digters God in hierdie psalms beskou as "verantwoordelik" vir die nood waarin hulle verkeer. Die afleiding kan dus gemaak word dat ons in die klagpsalms (as die polêre teenpool van die lofpsalms) geen element van lof aan God vind nie. Hierdie stelling kan noukeuriger ondersoek word as ons die struktuur van die klagpsalms bestudeer.

## 3.2 Die struktuur van die klagpsalms

### 3.2.1 Die aanroep van die Naam van die Here

Dit is uiters betekenisvol dat Broyles nie hierdie motief in sy boek behandel nie. Die aanroep van die Naam van die Here kom voor in elke klagpsalm en is 'n belangrike element wat in gedagte gehou moet word wanneer 'n mens wil praat oor die verhouding tussen God en die digter. Selfs in Psalm 88 waar daar van 'n verklaring van vertroue of van die sekerheid van verhoring met die gepaardgaande eed tot lof nie sprake is nie, vind ons hierdie pragtige aanroep van die Naam van die Here: "Here my God wat my altyd help" (Psalm 88:1).

Die verskillende aanspreekvorme wat gebruik word in die klagpsalms is die volgende:

| | |
|---|---|
| *O, God* | Psalm 42-43, 44, 60, 74, 79 |
| *God* | Psalm 77 |
| *My God* | Psalm 22 |
| *Here* | Psalm 6, 9-10, 13, 35, 39, 85, 89, 90, 102 |
| *Here my God* | Psalm 88 |
| *Herder van Israel* | Psalm 88 |

In die aanroep word God direk aangespreek en gewoonlik geskied dit by wyse van 'n geroep na God om hulp. Meestal het die aanroep 'n intieme en persoonlike aard. Dit is opvallend dat die Jahwe-naam dikwels genoem word

(byvoorbeeld in Psalm 6, 9-10, 13, 35, 39, 85, 88, 89, 90 en 102) – 'n benadering wat dui op God se aktiewe betrokkenheid by Israel en sy trou aan die beloftewoord: *Ek sal vir julle 'n God wees* (vgl. Louw, 1993:414). Die digter kan hom in volle afhanklikheid tot God wend omdat hy weet dat hy in God 'n verbondsgenoot het. Brueggemann sê dan tereg: "The complaint is not spoken by one who is a stranger to Yahweh, but one who has a long history of trustful interaction." Zimmerli (1968:26-41) wys ook daarop dat die element van hoop reeds ingebed is in die digter se aanroep van God.

Die aanroep van die Naam van die Here plaas hierdie klagliedere binne die raamwerk van gesprek tussen mens en God. Hierdie klagliedere is nie meditasies, alleenspraak of persoon-tot-persoon-gedagtewisselings nie. Daarom sê Balentine (1993:149) tereg:

> The invocation of God marks these addresses as prayers and signals that all that is spoken subsequently, however harsh or accusing, is directed explicitly and intentionally to God. What is spoken is intended for God's ear and seeks a response. This address or invocation establishes the prayer's intense quest for dialogue with God, the equally stubborn refusal to remain a mute partner in the divine-human enterprise. These lamenters seek to engage God at all cost; they must have their say. On more than one occasion of having had their say, they still receive no word from God. In these cases the Hebrew Bible candidly recognizes that often the dialogue of prayer is painfully 'one-sided'.

Bogenoemde bespreking van die aard en funksie van die aanroep van die Naam van die Here maak dit moeilik om die volgende stelling van Broyles ongekwalifiseerd te steun:

> It is evident that the distinction (between the psalms of plea and the God-laments) is not only situational but also relational. In particular, the psalmist's conception of God is altered. In the psalms of praise and plea, God is approached as benevolent, in the psalms of complaint as indifferent or hostile (Broyles, 1989:53).

Ons moet hier in gedagte hou wat Anderson (1983:103) skryf:

> In the psalms of lament, then, we do not find people shaking their fists in protest at a cold and brassy heaven or resigning themselves grimly to impersonal fate, but people who testify, even in times when they walk through the valley of dark shadow, that God is faithful and concerned.

Alhoewel ons in die klagpsalms kan sien dat God beskou word as op die een of ander manier "verantwoordelik" vir die nood van die digter, wys die aanroep van die Naam van die Here daarop dat die klaer nie besig is met 'n rebellie teen 'n koue, afsydige Groot Noodlot nie (Goosen, 1993:185). Dit is juis omdat die

digter in 'n vertrouensverhouding met Jahwe staan dat hy nie geskroom het om ten opsigte van die krisis teenoor God te protesteer nie (Goosen, 1993:185).

### 3.2.2 Die klag

In die klag wat verwoord word, word die probleem wat ontstaan het, geartikuleer. Kenmerkend van hierdie artikulasie is die harde en veroordelende vrae (byvoorbeeld: Waarom? of Hoe lank nog?). Hierdie vrae verwoord die ervaring van dit wat verkeerd verloop het in die lewe van die digter. Hierdie klag is nie 'n klag van onderwerping of oorgawe nie *(Klagen)*, maar is klag in die volle sin van die woord, naamlik 'n klag van protes *(Anklagen)* (Balentine, 1993:149). In sterk taal lê die digter sy hart bloot voor God en formuleer hy sy probleem. Sy ervaring en emosie speel 'n belangrike rol in die uitdrukking van die intensiteit van smart en lyding. Die klag moet beskou word as 'n vorm van regshandeling waarin die bidder juridies gesproke 'n beroep doen op God se regverdigheid. In die protesklag word opstandigheid op 'n direkte wyse met God gekommunikeer (vgl. Louw, 1993:414-415).

### 3.2.3 Die belydenis van vertroue

Gunkel en ander na hom het die belydenis van vertroue geïdentifiseer as 'n motief wat algemeen in die klaagpsalms voorkom. Hierdie uitdrukkings van vertroue kom voor in drie grammatikale vorme:

- 'n Eienskap word metafories toegeskryf aan God (*U is* my rots en my bergvesting) – Psalm 31:4.
- 'n Aksie in die toekomstige tyd word toegeskryf aan God (*U sal my voorgaan* en my lei) – Psalm 31:4.
- Die digter verklaar sy eie vertroue (In u hande *gee ek* my lewe oor) – Psalm 31:6.

Dit is duidelik dat die eerste twee vorme waarin vertroue bely word die eerste treë op die weg na die lof van God is. Dit is treffend dat daar in die klagpsalms, behalwe vir 'n paar klein uitsonderings, slegs die derde vorm in die belydenis van vertroue gebruik word. Die keuse vir hierdie vorm van belydenis, waarin die digter self die grammatikale subjek is, is nie as sodanig bedoel om aan God die lof te bring nie, maar dit dui eerder op die digter se persoonlike hoop. Die belydenis van vertroue as 'n vorm van lofprysing is dus byna geheel en al afwesig in die klagpsalms (Broyles, 1989:41-42).

### 3.2.4 Die verwysing na God se vroeëre reddingsdade

Westermann (19815:55) beskou die verwysing na God se vroeëre reddingsdade in sommige klaagpsalms as deel van die lofprysing van God, naamlik as deklaratiewe lofprysing. "While God is being referred to his earlier saving actions, he is being praised for these actions." Kraus voeg 'n verdere motief by:

> Keeping in mind the fundamental saving acts and ordinances constantly inspires God's people to trust in Yahweh. In this way the expectation is kept alive that he will again intervene, rescue, and help his people in the same way that he showed himself in the past as the God who rescues and helps (Kraus, 1979:66).

Die verwysing na God se vroeëre reddingsdade kan egter slegs in isolasie van die res van die psalm beskou word as lof aan God. In die konteks van die klagpsalms word hierdie motief in kontras gestel met die klag. Psalm 44 begin byvoorbeeld met 'n verwysing na God se vroeëre reddingsdade:

**Psalm 44:3** U het nasies met u eie hand verdryf,
maar u volk 'n vaste blyplek gegee.
U het nasies se mag verbreek
om aan u volk vryheid te gee.

In isolasie van die res van die psalm kan hierdie gedeelte met alle reg as lof aan God beskou word, maar hierdie belydenis word gekontrasteer in die klaggedeelte van die psalm. Daar lees ons die klag van 'n gemeenskap wat verslaan is in 'n veldslag:

**Psalm 44:10** Tog het U ons nou verstoot
en ons in die skande laat kom
U trek nie meer
saam met ons leërs uit nie.

**11** U laat ons vlug voor ons teëstanders
ons vyande plunder na hartelus.

**12** U lewer ons uit: ons is soos slagskape
U verstrooi ons onder die nasies.

Dit is duidelik dat die funksie van die verwysing na God se vroeëre reddingsdade nie is om lof aan God te bring nie, maar om te wys op die kontras tussen die glorieryke verlede en die ellendige hede. "The inclusion of a reference to God's earlier saving deeds may in fact sharpen the cutting edge of a lament" (Broyles, 1989:42-43). In alle billikheid teenoor Westermann moet daar genoem word dat hy ook tot hierdie gevolgtrekking oor die funksie van die verwysing na God se vroeëre reddingsdade in die klagpsalms kom: "God is confronted with former deeds in order to persuade him to do now not what he is doing but what by

contrast he had done earlier" (Westermann, 1981:215). Die verskil tussen Broyles en Westermann se interpretasie lê dus nie in die funksie van hierdie motief nie, maar by die vraag of dit beskou kan word as lof aan God of nie.

Volgens Broyles is die funksie van die verwysing na God se vroeëre reddingsdade nie slegs negatief nie, maar dit herinner Jahwe ook aan wat sy optrede kan en moet wees (Broyles, 1989:42-43).

### 3.2.5 Narratiewe en himniese lofprysing

In navolging van Westermann kan ons sê dat narratiewe / deklaratiewe lofprysing 'n spesifieke resente verlossingsdaad herdenk terwyl himniese / deskriptiewe lofprysing God se eienskappe en dade oor die algemeen herdenk. Sowel narratiewe as himniese lofprysingsgedeeltes kom voor in die klagpsalms (vgl. Psalm 9-10; 89 en 102). In Psalms 9-10 en 89 word hierdie lofprysings egter gevolg deur 'n intensiewe klaaggedeelte wat in kontras is met die tradisionele lofprysingstaal en dit selfs weerspreek. Dit lyk dus of die funksie van hierdie lofprysings dieselfde is as die verwysing na God se vroeëre reddingsdade. "Jahveh's current conduct is seen to fall short of what the faithful have come to expect of him" (Broyles, 1989:44).

Die pleitpsalms maak meer dikwels gebruik van narratiewe en himniese lofprysing, maar aangesien dit nie gekontrasteer word met 'n klag oor God se optrede nie, lyk dit asof dit gesien moet word as lofprysing in eie reg – lofprysing te midde van nood. In die klagpsalms is daar egter geen lofprysing sonder 'n klag oor God se optrede wat nie na die aansprake van hierdie lofprysings verwys nie. Die doel daarvan is om die oorsprong van die digter se klag duidelik te maak (Broyles, 1989:44-46).

### 3.2.6 Smeking

Die aanwesigheid van smeking is van die allergrootste belang aangesien dit funksioneer as 'n appèl tot God. Die klagpsalm se funksie is nie die beskrywing van lyding nie, maar die verwydering of verligting van die lyding. Die klagpsalm is nie 'n konstruksie van die denke nie – dit reflekteer 'n lewende werklikheid, dit ontstaan uit die hulpgeroep in tye van nood. Daarom is die klagpsalms nie oordenkinge van lyding nie, maar staan dit in verband met die realiteit van lyding (Balentine, 1993:149-150). Gevolglik is smeking 'n baie belangrike element van die klagpsalm. Die aard van die smekings wat in die klagpsalms gevind word, kan onderskei word op grond van die volgende oorwegings:

- Veral in die klagpsalms van die gemeenskap is die smeking dikwels slegs daarop gerig om God weer positief te stem teenoor die gemeenskap. Die

smeking verraai die kommer oor die gesindheid *(disposition)* van God teenoor die gemeenskap.

- Daar kom meer negatiewe smeekbede in die klagpsalms as in die pleitpsalms voor (bv. *moet nie* ...).
- Die smeekbede vir ingryping is dikwels minder spesifiek. In die klagpsalms, te wete Psalms 44, 74 en 89, is die smeekbedes relatief kort en minder spesifiek aangaande die aksie wat Jahwe moet neem (Broyles, 1989:46).

#### 3.2.7 Die sekerheid van verhoring

Die sekerheid van verhoring word aan die einde van sommige klagpsalms aangetref na die klag en die smeekbede. Hierdie motief kom vier maal in die klagpsalms voor (Psalms 6:9-10; 22 en 85). In die eerste drie gevalle gaan die verklaring: *Jahwe het gehoor* (perfektum) die beskrywing van die redding wat Jahwe sal bring, vooraf. "The assurance of being heard is undoubtedly an assertion of confidence and praise, but it depicts Yahveh's response to the psalmist's appeal and is therefore not to be counted as a constituent part of that appeal" (Broyles, 1989:48).

### 3.3 Die nood in die klagpsalms

#### 3.3.1 Die nood wat gereflekteer word in die klagpsalms

Die vraag wat nou ontstaan, is waarom sommige digters in hulle nood tot God roep terwyl hulle sy lof bly handhaaf (die pleitpsalms) en waarom ander God daarvan aankla dat Hy die aansprake van die loftradisies verwerp het. Is daar konsekwente kriteria waarvolgens die digter sy nood uitdruk deur middel van 'n pleidooi óf 'n klag? Aangesien die klag die meer radikale vorm van uitdrukking is, naamlik die een wat antiteties teenoor lof staan, kan ons ook vra op watter gronde kan die digter God daarvan aankla dat Hy die aansprake van die loftradisie verwerp.

Om hierdie vrae te beantwoord sal ons eers moet kyk of daar spesifieke vorme van beproewing is wat aanleiding gee tot die klagbede van die klagpsalms.

##### 3.3.1.1 Die intensiteit van die nood

- *In klagpsalms van die individu*

Broyles (1989:84-95) toon oortuigend aan dat daar 'n sterk korrelasie bestaan tussen 'n klagpsalm van die individu en uitdrukkings wat daarop dui dat die digter 'n naby-dood-ervaring het en die dood as voor hande beskou.

- *In kollektiewe klagpsalms*

In al die klagpsalms van die gemeenskap is die agtergrond dié van 'n nasionale ramp. Die rampe wat aanleiding gee tot die klagpsalms is: die verwoesting van Jerusalem en die tempel (Ps. 74 en 79); 'n groot nederlaag op die oorlogsveld (Ps. 44, 60, 89 en 108); die ballingskap (Ps. 196 en 137); droogte (Ps. 85 en 126) en die afwesigheid van huidige reddingsdade (Ps. 77). Al die pleitpsalms wat soortgelyke omstandighede reflekteer, het waarskynlik in die eksiliese of na-eksiliese tydperk ontstaan (Broyles, 1989:95-99).

#### 3.3.1.2 Die duur van die nood

Daar is verskeie vorme wat die verlengde duur van die nood in die klagpsalms aandui. Eerstens dui die voorkoms van die vraag *Hoe ?... Vir ewig?* daarop dat die nood reeds vir 'n geruime tyd voortduur en dat dit nie na 'n skielike terugslag verwys nie. Die vraag *Hoe lank?* en die vraag *Hoekom?* het ook te make met die afwesigheid van God. Werkwoorde van woede speel ook 'n prominente rol in hierdie sinne (Westermann, 1981:177). Die meeste van die *Hoe lank?*-uitdrukkings in die klagpsalms kom voor in die klaggedeelte (Ps. 6:4, 31:2, 35:17, 74:1, 77:8-10, 79:5, 80:5, 85:6, 90:47 en 90:13) en wys op Jahwe se ingesteldheid.

Ons kan dus samevattend die woorde van Broyles (1989:111) aanhaal: "In ancient Israel complaint psalms appear to have emerged from situations of prolonged hardship and either near-death distress in the individual laments or national disaster in the communal laments." Die konflik tussen die geloof en die intense, langdurige nood wat die digter ervaar, veroorsaak dat hy die belydenisse aangaande God in twyfel begin trek.

## 3.4 Voorlopige gevolgtrekkings

In die klaagpsalms het ons onderskei tussen twee vorme van appèl: die pleitpsalms – wat God se lof bly handhaaf, en die klagpsalms – wat God daarvan aankla dat Hy sekere aansprake wat in lofprysing gerig word, nie gehandhaaf het nie. In die eerste subkategorie manifesteer die lof aan God as lof in eie reg, met ander woorde as lof te midde van nood. In die klagpsalms word die lof egter genegeer deur die klag wat later in die psalm uitgespreek word. Die doel van hierdie psalms is egter nooit om maar net te kla nie, maar om God op te roep *(summon)* om in te gryp in die nood.

Daar is baie faktore wat die vorm van die appèl in enige psalm beïnvloed. Die meer radikale vorm van appèl blyk na vore te kom wanneer die digter in 'n naby-doodsituasie verkeer of wanneer die volk deur die een of ander nasionale ramp getref is. Hierdie noodsituasies het tot gevolg dat die aansprake van sekere lofuitinge bevraagteken word. 'n Onderliggende verwagting wat in byna elke

klagpsalm teleurgestel word, is dat Jahwe antwoord wanneer hy aangeroep word. Uitgerekte nood *(prolonged distress)* impliseer dat Jahwe die digter se vorige pleitgeroep geïgnoreer het. In plaas daarvan dat die klagpsalms 'n sintese probeer bewerkstellig, stel die digter die belydenis van die loftradisie en die teenstrydige feite van die dood in die huidige bestaansituasie teenoor mekaar. Hierdeur word die konflik duidelik in fokus gebring met die oog op die appèl tot God. Hierdie psalms is in hulle hele wese gebede tot God en hulle laat vaar alle pogings om die konflik vanuit menslike kant op te los: die teleurstelling is in God en daarom moet die oplossing ook van Hom af kom (Broyles, 1989:221-225).

## 4. Die waarde van die klagpsalms

Hierdie verstaan van die polêre uiterstes van hierdie psalms help ons om hulle beter te verstaan. Broyles is van mening dat indien 'n mens die klaag- en lofpsalms beskou as die polêre teenpole, dit impliseer dat die verskillende onderliggende situasies die essensiële verskil is. Dan sou 'n fees of bevryding lei tot 'n lofpsalm terwyl 'n oorlogsnederlaag of siekte sou lei tot 'n smeekgebed. Dit sou egter nie impliseer dat die verhouding tussen Jahwe en die digter essensieel hoef te verskil nie. Hierdie uitgangspunt mis egter volgens hom die radikale aard van die psalms. Indien 'n mens egter die psalmuitdrukkings sien as wisselend tussen klag (soos in die klagpsalms) en feesviering *(celebration)*, dan is dit duidelik dat die onderskeiding nie slegs situasiegebonde *(situational)* is nie, maar ook relasioneel. Volgens Broyles het die konsepsie van God verander. In die lofpsalms en die pleitpsalms word God genader as die welwillende, maar in die klagpsalms word hy genader as die onverskillige of die vyandige. In die lofpsalms en die pleitpsalms word Hy benader as 'n bondgenoot, maar in die klagpsalms is Hy 'n teruggetrokke bystander of 'n aktiewe antagonis (Broyles, 1989:51-53).

Hier moet ons egter die kritiese aantekeninge wat gemaak is onder die opskrif "Die aanroep van die Naam van die Here" in gedagte hou. Daar het ons gesien dat die aanroep van die Naam van die Here in elke klagpsalm voorkom en 'n belangrike element is om die verhouding tussen God en die digter aan te dui. Goosen sê heeltemal tereg dat juis omdat die digter in 'n vertrouensverhouding met Jahwe staan, hy nie geskroom het om ten opsigte van die krisis teenoor God te protesteer nie (Goosen, 1993:185). Daar moet dus in alle gevalle vasgehou word aan albei kante van Balentine (1993:146) se beskrywing van die klaagtradisie: "Holding to God against God". In die klag word daar wel téén God geprotesteer en word hy benader as 'n teruggetrokke bystander of 'n aktiewe antagonis, maar terselfdertyd word die klag gerig vanuit die basiese vertrouensverhouding wat die digter op grond van die verbond met Jahwe het.

Hierdie meer genuanseerde verstaan van die Psalms se polêre uiterstes verryk ons waardering vir die dinamika van Israel se aanbidding en van hulle verhouding met

God. Sowel lofprysing as protes is beskou as integrale uitdrukkings van en legitieme doelwitte in die Ou-Testamentiese geloof (Broyles, 1989:52-53).

Dit is merkwaardig dat die gemeenskap van gelowiges in Israel psalms van sulke onopgeloste dissonansie bewaar het. Hierdie dissonansie is nie wegverklaar deur die misterie van die Goddelike transendensie nie. Die onverklaarbaarheid van menslike sondegeneigdheid en die gevolglike oordeel het eweneens nie voldoende grond gelewer om hierdie dissonansie op te los nie. Hierdie psalms appelleer tot God teen God. Dit is egter ironies dat hierdie klagpsalms self die eerste tree na die oplossing is. Deur die oorsaak van die nood aan God toe te skryf, is dit ook 'n belydenis dat Hy die een is wat hierdie nood kan omkeer (Broyles, 1989:221-225).

Brueggemann skryf tereg dat onlangse studies die geweldige teologiese betekenis van die klaagpsalms vir die geloof en liturgie van Israel en gevolglik vir die gebruik in die kerk aangetoon het. Daar is geen twyfel dat die klag 'n belangrike funksie in die gemeenskap van die gelowiges gehad het nie. "It is still the case that, even in the light of Westermann's great contribution, scholars have only walked around the edges of the theological significance of the lament Psalms" (Brueggemann, 1986:59).

In die Ou Testament is daar nie 'n enkele reël wat die klag teen God verbied of impliseer dat die klag nie 'n plek het in 'n gesonde en goeie verhouding met God nie.

> The lament implores God to be compassionate to those who suffer. This is the function: to appeal to God's compassion. All the multifarious forms of human afflication, oppression, anxiety, pain and peril are given voice in the lament, and thus it becomes an appeal to the only court that can alter their plight (Westermann, 1981:264).

In sowel die Ou as die Nuwe Testament is die klaaglied 'n baie natuurlike deel van die menslike lewe en in die Psalms is dit 'n belangrike en onontbeerlike komponent van aanbidding en van die taal van aanbidding. Die aanhaling van die klag van Psalm 22 in die lydingsverhale van die Evangelies dui aan dat Christus ook intree in die lyding van dié wat swaarkry. Westermann sê dan ook dat Jesus met sy lyding en sterwe nie slegs die sondaar in gedagte gehad het nie, maar ook dié wat ly en swaarkry (Westermann, 1981:275). Terwyl daar geen twyfel kan wees dat Jesus die klag geken het nie, is daar geen gedeelte in die Evangelies wat daarop dui dat Jesus dié wat ly daarvan wou oortuig dat hulle hul lyding geduldig moet verdra nie.

## 5. Gevolge van die verwaarlosing van die klag

Slegs in die paranetiese gedeeltes van die Nuwe-Testamentiese briewe begin die vermaning om lyding met geduld te aanvaar die botoon voer.

> From the standpoint of the Pauline doctrine there can be no lament without a confession of sin; a lamenter appears before God as one who is guilty. We can say that in a certain sense the confession of sin has become the Christianized form of the lament. The result of this is that both in Christian dogmatics and in Christian worship suffering as opposed to sin has receded far into the background (Westermann, 1965:274).

Die vervanging van die Ou-Testamentiese klag met skuldbelydenis in die Nuwe Testament het daartoe gelei dat die klag in die Christendom grotendeels verdwyn het uit die verhouding met God (vgl. ook Brueggemann, 1989:140). Die klag het grootliks verdwyn uit die gebed en die aanbiddingswyse van die Westerse Christendom. Brueggemann se artikel "The costly loss of lament" handel grootliks oor die vraag: "What happens when appreciation of the lament as a form of speech and faith is lost, as I think it is largely lost in contemporary usage?" (Brueggemann, 1986:59).

Een gevolg van hierdie verlies van die klag is dat ware verbondsinteraksie nie meer moontlik is nie aangesien die tweede party van die verbond stemloos geraak het, of ten minste slegs met 'n stem van lof en doksologie mag praat. Brueggemann (1986:60) skryf dan: "Covenant minus lament is finally a practice of denial, cover up and pretence." Die afwesigheid van die klag maak 'n godsdiens van gedwonge gehoorsaamheid die enigste alternatief.

'n Tweede gevolg van die verlies van die klag is dat vrae oor die reg nie meer gevra mag word nie. Die klag het juis ontstaan uit die besef dat iets nie reg was nie. Op grond van die ervaring van onreg is daar dan deur middel van die klag geappelleer. Gevolglik kan Brueggemann (1986:64) met reg sê: "A community of faith which negates lament soon concludes that the hard issues of justice are improper questions to pose at the throne, because the throne seems to be only a place of praise. Justice questions disappear into civility and docility."

Westermann beweer met reg dat dit 'n illusie is om aan te neem dat daar 'n verhouding met God kan wees waarin daar slegs lof is en nooit klag nie. Die ervaring van lyding én van vreugde is albei deel van die mens se wese en kan nie geskei kan word nie. "Hence, something must be amiss if praise of God has a place in Christian worship but lamentation does not. Praise can retain its authenticity and naturalness only in polarity with lamentation" (Westermann, 1981:267).

## 6. Slot

In die klagpsalms is 'n geweldige troosmoment opgesluit wat steeds van toepassing is vir die mens van die twintigste (én die een-en-twintigste) eeu. Die feit dat die gelowige al sy emosies met God kan deel, hetsy positief of negatief, bring verligting. Die gelowige hoef nie te probeer om dapper te wees of 'n mooi front van berusting voor te hou nie. Berusting tree juis in as gevolg van die openhartigheid van die gesprek met God en die felheid waarmee die gelowige sy nood te kenne gee. Die katarsis voor God bring bevryding. Die gelowige ontdek: God stel nie net belang in vroom en dapper mense nie, maar ook in opstandige mense wat eerlik en opreg hul nood voor God bely. In situasies van rousmart en intense negatiewe emosies kan die klagpsalms gebruik word as 'n eg Bybelse metode om katarsis te bewerkstellig en hoop te wek. Die verskillende struktuurelemente van die klagpsalm kan in die pastorale gesprek gebruik word om die persoon aan te moedig om sy lyding eerlik met God te kommunikeer (vgl. Louw, 1993:414-416).

## Bibliografie


ANDERSON, B.W. 1983. Out of the depths – The Psalms speak for us today. Philadelphia : The Westminster Press.

BALENTINE, S.E. 1993. Prayer in the Hebrew Bible – the drama of divine-human dialogue. Minneapolis : Fortress Press.

BROYLES, C.C. 1989. The conflict of faith and experience in the Psalms – a form-critical and theological study. Sheffield : Sheffield Academic Press.

BRUEGGEMANN, W. 1986. The costly loss of lament. *Journal for the Study of the Old Testament*, 36:57-71.

GOOSEN, P. 1993. Die pastoraal-terapeutiese funksie van die klaagpsalms in die terminale fase. Stellenbosch : Universiteit Stellenbosch. (D.Th.-proefskrif.)

GUNKEL, H. 1933. Einleitung in die Psalmen. Die Gattungen der religiösen Lyrik Israels. Göttingen : Van den Hoeck & Ruprecht.

KRAUS, H. 1979. Theology of the Psalms. Minneapolis : Augsburg Publishing House.

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting – Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria : RGN-Uitgewery.

RIDDERBOS, N.H. 1962. De Psalmen. Kampen : Kok.

WESTERMANN, C. 1981. Praise and lament in the Psalms. Edinburgh : Clark.

ZIMMERLI, W. 1968. Man and his hope in the Old Testament. London : SCM Press.